Tom Dreyer
het matrikuleer aan die Paul Roos Gimnasium op Stellenbosch en verwerf ’n M.A.-graad in Skeppende Skryfwerk aan die Universiteit van Kaapstad. Sy debuutroman *Erdvarkfontein* word in 1998 gepubliseer en sy jongste roman, *Stinkafrikaners*, verskyn eersdaags.

Nog kort-kortverhale deur Tom Dreyer:

- Baracuda Verwey — Episode 1: Vlak graf
- In die skadu van die reaktor

Baracuda Verwey

Episode 2: Bloed op die plaveisel

Tom Dreyer

Uit die hart van die metropool, eiewys en met ’n swakplek vir swembaddens, hy is: Baracuda Verwey

FOTOGRAAF - Rijk Stofberg
Baracuda Verwey - Theo van Niekerk
Dr. Voodoo Meintjies - DW de Villiers
Naamlose poppie - Eva van Niekerk
Rocky - Jan Stals
Flaffie - Rodentia taiwannesia

> volgende >

Baracuda Verwey

Episode 2: Bloed op die plaveisel

Tom Dreyer

Dis 14:52 nm en Baracuda het pas by die huis van ’n nuwe kliënt, ene dr Voodoo Meintjies, opgedaag. Dr Meintjies wil nie gesteur word nie, en het oor die telefoon vir Baracuda verduidelik waar die swembad is, en gesê dat hy maar op sy eie moet aangaan.

< terug < **1** **> volgende >**

Baracuda Verwey

Episode 2: Bloed op die plaveisel

Tom Dreyer

By die swembad sien Baracuda dadelik die verdrinkte diertjie in die water.
Ook die naamlose poppie wat in ’n swembadstoel ontspan het, ruk wakker en kom kyk wat aangaan.

< terug < **2** **> volgende >**

Baracuda Verwey

Episode 2: Bloed op die plaveisel

Tom Dreyer

Dr Voodoo Meintjies is merkbaar ontsteld om van die dood van sy geliefde hamster-kruising te verneem.

Baracuda Verwey

Episode 2: Bloed op die plaveisel

Tom Dreyer



Voodoo is egter nie ’n man wat die slae van die noodlot lydsaam verdra nie. Terug in sy laboratorium, werskaf hy en sy lyfkneg, Rocky, ure lank om vir Flaffie tot die lewe te herstel. Die wetenskap en die oerkragte van die aarde span saam om die ontslape soogdier een laaste kans te gee.

Baracuda Verwey

Episode 2: Bloed op die plaveisel

Tom Dreyer

Intussen, ten einde van die smaak in sy mond te vergeet, het Baracuda hom weer op sy dagtaak toegespits. Hy het onthuts na die trae bewegings van die Creepy Crawly op die bodem gestaar, en toe besluit om ’n paar veranderinkies van sy eie aan te bring.

Baracuda Verwey

Episode 2: Bloed op die plaveisel

Tom Dreyer

In die laboratorium smaak Voodoo en Rocky uiteindelik sukses. (Rocky was laas so opgewonde die aand toe Voodoo hom opgegrawe het.)

Baracuda Verwey

Episode 2: Bloed op die plaveisel

Tom Dreyer

Flaffie is ongelukkig nie meer homself nie. So vinnig soos sy klam pote hom kan dra, nael hy terug na die patio-area. Met ’n ongekende ratsheid duik Rocky agterna, maar hy slaag nie daarin om die voortsnellende figuurtjie beet te kry nie. Die opgewarmde Creepy Crawly, wat met ’n skreeu van kleppe die water verlaat, het egter meer sukses.

< terug < **7** **> volgende >**

Baracuda Verwey

Episode 2: Bloed op die plaveisel

Tom Dreyer

Voodoo moet in afgryse toekyk hoe die meganiese kake oor sy beminde Flaffie sluit. Gelukkig is Baracuda daar om die watergedrog die stryd aan te sê.

Baracuda Verwey

Episode 2: Bloed op die plaveisel

Tom Dreyer

Maar die besete Creepy wil nie laat los nie. Krampagtig stoei Baracuda, terwyl Flaffie geleidelik al sagter word tussen sy vingers.

Baracuda Verwey

Episode 2: Bloed op die plaveisel

Tom Dreyer

Dan kry Baracuda vir Flaffie los, gee hom oor in Voodoo se afwagtende hande, en laat spaander.
Dis duidelik dat Flaffie se lewe, die lewe wat Voodoo met soveel moeite uit die onderwêreld geraap het, finaal in sy moer gestuur is.
Met sy oë na bo gehef, sweer Voodoo dat hy nie sal rus voor hy Baracuda se nierstene in ’n klein sakkie om sy nek dra nie.

< terug < **10** **begin**